

## Skut van diere

Die skut van vee in die Provinsie Vrystaat word tans geregleer deur die Vrystaatse SKUT ORDINANSIE 18 VAN 1952.

Die Grondwethof het sekere kernbepalings neergele ten opsigte van die herroepe Skut ordonansie van die Natal Provinsie, wat tot 'n groot mate met die Vrystaat Ordonnansie ooreengestem het.

Die Skutordinansie van die Vrystaat word steeds gebruik met inagneming van die beginsels neergele in die voorafvermelde hofuitspraak.

Wat sê die ordinansie in 'n neutedop?

- Diere wat geskut word moet na die naaste skut geneem word, soos wat die beste pad toelaat sonder om draaie te ry.
- Diere wat afgedwaal /oortree het mag nie vir langer as 14 dae op die grond toegelaat word nie.
- Met inagneming van die voorafgaande paragraaf moet diere wat in bewaring geneem is vir doeleindes van die skut daarvan binne 24 uur geskut word.
- Diere wat aan gehou word, moet kos, water en die nodige versorging en beskutting gegee word .
- Die eerste 30km van vervoerkoste na en van 'n skut mag deur die vee-eienaar van die skutmeester verhaal word. (Siviel kan egter probeer word by die hof van kleinse om die verskil van hierdie kostes te verhaal)
- Skade wat aangerig is, moet deur twee onafhanklike persone getakseer word en aan die skutmeester oorhandig word tydens aflaai van diere.

Die huidige praktyk is soos volg:

Indien diere oortree op eiendom en skade aangerig moet daar sover as moontlik gepoog word om die eienaar van die diere op te spoor. Laat weet die SAPD (skryf naam van persoon met wie gepraat word en die voorvalle boek (VB) nommer neer) asook die plaaslike Veediefstaleenheid, onverwyld van die teenwoordigheid van die diere, en gee 'n beskrywing van die diere.

Laat weet die naaste skutmeester van die diere en bespreek die skut van die diere. Indien die diere se eienaar nie opgespoor kan word nie, neem die diere na die skut en oorhandig die nodige eise van vervoer en skade (soos getakseer) aan skutmeester. Hou rekord van alles wat gedoen word en ook wanneer.

Waar die eienaar van die diere opgespoor word, bespreek die skade aangerig en gee bewyse daarvan asook die bedrag van skade aan sodanige eienaar (waar met die eienaar self gepraat word, kan eie skade bereken word en met eienaar bespreek word dit is dus op die stadium nog nie nodig vir onafhanklike takseerders nie) en sê dat die diere geskut gaan word indien skade nie vergoed gaan word nie. Probeer so ver moontlik met die eienaar 'n ooreenkoms aangaan om skadevergoeding te kry . Indien nie ooreengekom kan word nie, kry takseerders en skut die vee.

Indien die eienaar van die begin af bekend is, volg die riglyne hierbo. Moet nooit diere skut omdat jy en die eienaar nie goeie vriende is en diere skut uit wraak nie. Probeer altyd die pad van bilikheid volg.

Buitelandse vee mag nie deur die grondeienaar geskut word nie. Kontak die Staatsveearts wat sal besluit oor die diere. Dit is buite die beheer van die grondeienaar. (Wet op Dieresiektes artikel 12)

Die volgende skutte bestaan nog in die Vrystaat:

- Ladybrand (aktief)
- Ficksburg (net as Ladybrand nie diere kan inneem nie)
- Fouriesburg (net as Ladybrand nie diere kan inneem nie)
- Winburg (slegs as hulle voer het)
- Harrismith (aktief)
- Bethlehem (aktief)
- Phuthadithaba (aktief)

Die skut van diere is 'n nagmerrie daar word gehoop die nuwe skutwet kan so gou as moontlik gefinaliseer word, sodat meer skutte opgerig kan word. Tans is die oprigting van skutte die verantwoordilike van die Provinsiale en / of Plaaslike regering.

J Stadler  
RPO